

MONNIE GONS

Monnies Presteer

Uitgawe 21 van 2024 | Tydperk: 13 Junie - 10 Julie



ASSA - NOORD GAUTENG

Gabby Bishop het aan die ASSA (Acrobatic Sport South Africa) Noord Gauteng kampioenskappe deelgeneem. Sy het 'n vierde plek in haar groep behaal en Noord Gauteng kleure verwerf. Sy dring ook deur na die Interdistrikkampioenskappe.



TUIMEL

Olivia Beyl neem deel aan Tumbleworx en behaal 'n silwer in haar afdeling.



TUIMEL

Eliana van der Walt, graad 1, het Saterdag, 8 Junie, aan die Tumbleworx Streekskwalifiseerder vir Tuimel deelgeneem en 'n goue medalje verwerf. Sy kwalifiseer ook dan om aan volgende maand se Gauteng Noord kompetisie deel te neem.



BMX GAUTENG CUP

Leeam de Bod, graad 4, en Ruvan de Bod, graad R, het Sondag, 9 Junie aan BMX Gauteng Cup deelgeneem. Leeam het 'n eerste en tweede plek behaal in seuns o/10 en Ruvan het twee tweede plekke gekry vir seuns o/6.



CON SPIRITO

Ferdie le Grange, graad 6, het die volgende prestasies behaal by Con Spirito, eerste rondte:

- Onvoorbereide Lees: Afr Prosa: A+++ , 97% (Itemwenner) - dring deur na die volgende rondte
- Onvoorbereide Lees: Afr Gedig: A+++ , 97% (Itemwenner) - dring deur na die volgende rondte
- Unprepared Reading Eng Prose A+++ , 95% (Itemwenner) - dring deur na die volgende rondte
- Unprepared Reading Eng Poetry A+++ , 96% (Itemwenner) - dring deur na die volgende rondte



DANCE INTERNATIONAL & EISTEDDFOD

Joshua Grové het deel geneem aan Dance International en die volgende prestasies behaal:

- 1 x gold
- 7 x ultimate gold

Hy het ook aan Eisteddfod (Drama) deelgeneem.

- 5 x A++ en kategorie wenner in al die items.

